Gereformeerde Kerk Benoni

Rom12:2

Aanddiens

18:30

Geen Kooroefening

28 Maart 2010

Lees: Efes 6 : 10-24

Teks: Efes 6 : 11

Tema: In ‘n staat van oorlog....

Ps 100 : 1,2, 3, 4 (bl 494)

Juig, al wat leef, juig voor die HEER!
Dien God met blydskap, gee Hom eer;
kom nader voor sy aangesig,
en prys Hom met 'n lofgedig!

Ps 100 : 1,2, 3, 4 (bl 494)

Die HEER is God, erken dat Hy

'n eie volk vir Hom berei,

'n volk om Hom te dien en vrees

en skape van sy wei te wees.

Ps 100 : 1, 2, 3, 4 (bl 494)

Gaan deur sy poorte in met lof,
met lofsang in sy tempelhof;
kom in sy huis, o bondsvolk, saam;
verhef sy lof en prys sy Naam.

Ps 100 : 1, 2, 3, 4 (bl 494)

Want goedertieren is die HEER;
sy goedheid eindig nimmermeer;
sy trou en waarheid hou hul krag
tot in die laaste nageslag.

Lied 510 : 1, 2, 3, 4

Genade, onbeskryflik groot
het U aan my bewys:
verlore seun - ‘n wegloopkind -
weer in die vaderhuis.

Lied 510 : 1, 2, 3, 4

Ek is die naam van kind nie werd -

wou self my sake reël.

My lewe, kanse, tyd en geld

is nutteloos verspeel.

Lied 510 : 1, 2, 3, 4

Maar U sien ver, oneindig ver.

U sien my honger, dors.

Nog voordat ek kon skuld bely,

druk U my aan die bors.

Lied 510 : 1, 2, 3, 4

Genade, onbeskryflik groot -

daar's fees, ek is weer tuis.

U Seun bring my - verlore mens -

weer in die vaderhuis.

Gereformeerde Kerk Benoni

Rom12:2

Aanddiens

18:30

Geen Kooroefening

28 Maart 2010

Lees: Efes 6 : 10-24

Teks: Efes 6 : 11

Tema: In ‘n staat van oorlog....

Ps 20 : 2, 4

Mag Hy sy heil en bystand stuur

uit hoë heiligdom,

en u uit Sion ondersteun,

van waar u hulp sal kom.

Ps 20 : 2, 4

Mag Hy, die ryke God, u gee

al wat u hart verlang!

Vervulling van wat u beraam -

mag u dié guns ontvang!

Ps 134 : 4

Laat, HEER, u seën op hul* daal,

u guns uit Sion hul* bestraal!

U wat beveel en - dit geskied,

wil, HEER, u seen oor hul* gebied!



Votum

en

Groetseën

Ontmoetingsdiens

Ps 138 : 1, 2, 3 (bl 670) - Staan

'k Sal met my ganse hart, o HEER,
U loof en eer, u hoogheid huldig,
en voor die gode, in psalmgeklank,
U bring die dank, aan U verskuldig.
Ek sal my neerbuig op u eis,
na u paleis, die oog na bowe.
En om u guns en waarheid saam,
u heil'ge Naam eerbiedig lowe.

Ps 138 : 1, 2, 3 (bl 670)

Hoe hoog is nou in elke oord
u Naam en woord omhoog gehewe!
U het my siel, op sy gebed,
verhoor, gered, my laat herlewe.
Die wêreldvorste sal, o HEER,
u grootheid eer in hoë tone,
wanneer u woorde word gehoor
en aansweef oor hul wank'le trone.

Ps 138 : 1, 2, 3 (bl 670)

Dan breek hul saam in sangstem uit;
'n lofgeluid klink U dan teë.
Want groot is God in heerlikheid;
sy majesteit in al sy weë.
Hy slaan, hoewel oneindig hoog,
op hul die oog wat needrig lewe.
Maar sien van ver die kleinheid aan
van grootheidswaan wat hoog wil strewe.

Geloofsbelydenis

Ek glo in God die Vader, die Almagtige,
die Skepper van hemel en aarde;
en in Jesus Christus, sy eniggebore Seun, ons Here;
wat ontvang is van die Heilige Gees,
gebore uit die maagd Maria;
wat gely het onder Pontius Pilatus,
gekruisig is, gesterf het en begrawe is
en die lyding van die hel ondergaan het,

Geloofsbelydenis

wat op die derde dag opgestaan het uit die dood;

opgevaar het na die hemel

en sit aan die regterhand van God, die almagtige Vader,

waarvandaan Hy sal kom om die lewendes

en die dooies te oordeel.

Geloofsbelydenis

Ek glo in die Heilige Gees;

Ek glo aan 'n heilige, algemene Christelike kerk,

die gemeenskap van die heiliges;

die vergewing van sondes;

die opstanding van die liggaam

en 'n ewige lewe.

SB 12-3 : 1

Enigste Here, enkele Wese,

Ons glo in U met ons hele hart.

Heerlik bely ons, vry-uit getuig ons:

U is vir ewig God en Heer.

Amen, Amen, Amen

Die wet van die Here

Markus 12 : 28-32

1 Joh 3 : 11-23



Mark 12:28 Een van die skrifgeleerdes het hulle hoor redeneer en het nader gestaan. Toe hy sien dat Jesus hulle ‘n goeie antwoord gegee het, vra hy vir Hom: "Wat is die heel grootste gebod?"
29 Jesus antwoord hom: "Die eerste is: ‘Luister, Israel, die Here ons God is die enigste Here.
30 Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand en met al jou krag.’
31 Die tweede is: ‘Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.’ Geen ander gebod is groter as dié twee nie."
32 "Pragtig, Meneer!" sê die skrifgeleerde vir Hom. "Dit is waar wat u gesê het: ‘Die Here is die enigste God,’ en ‘daar is geen ander God as Hy nie.’

1 Joh 3:11 Dít is immers die boodskap wat julle van die begin af gehoor het: Ons moet mekaar liefhê.

12 Moenie soos Kain wees nie. Hy het aan die Bose behoort en het sy broer vermoor. En waarom het hy hom vermoor? Omdat sy eie dade sleg was en sy broer s'n reg.

13 Broers, moenie verbaas wees as die wêreld julle haat nie.

14 Ons weet dat ons klaar uit die dood na die lewe oorgegaan het, want ons het ons broers lief. Wie nie liefhet nie, bly in die dood.

15 Elkeen wat sy broer haat, is 'n moordenaar; en julle weet dat geen moordenaar die ewige lewe in hom het nie.

16 Hiéraan weet ons wat liefde is: Jesus het sy
lewe vir ons afgelê. Ons behoort ook ons lewens
vir ons broers af te lê.
17 Wie aardse besittings het en sy broer sien
gebrek ly, maar geen gevoel vir hom het nie-hoe
kan die liefde van God in hom wees?
18 Liewe kinders, ons liefde moenie net woorde
en lippetaal wees nie, maar moet met die daad
bewys word, en dan in opregtheid.
19 Hierdeur kan ons ook te wete kom dat ons
aan die ware God behoort en kan ons ons
gewete voor Hom tot rus bring.
20 As ons gewete ons veroordeel-God is groter
as ons gewete, en Hy weet alles.

20 As ons gewete ons veroordeel-God is groter as ons gewete, en Hy weet alles.
21 Geliefdes, as ons gewete ons nie veroordeel nie, het ons vrymoedigheid om na God te gaan;
22 en wat ons vra, kry ons van Hom omdat ons sy gebooie gehoorsaam en doen wat Hy goedvind.
23 En dít is sy gebod: Ons moet in sy Seun, Jesus Christus, glo en ons moet mekaar liefhê ooreenkomstig die gebod wat Hy ons gegee het.

Ps 86 : 3 (bl 432) - Staan

HEER, u goedheid is die lewe;
U sal mild ons skuld vergewe;
wie U aanroep in die nood,
vind u guns oneindig groot.
HEER, my God, ontferm U oor my,
luister as ek roep, verhoor my!
Merk uit goedheid, as ek spreek,
op die stem waarmee ek smeek.

Woord- en Gebedsdiens

Lees: Efes 6 : 10-24

Teks: Efes 6 : 11

Tema: In ‘n staat van oorlog....

Ef 6:10 Verder nog dit: Soek julle krag in die Here en in sy groot mag.
11 Trek die volle wapenrusting aan wat God julle gee, sodat julle op julle pos kan bly ondanks die listige aanslae van die duiwel.
12 Ons stryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen elke mag en gesag, teen elke gees wat heers oor hierdie sondige wêreld, teen elke bose gees in die lug.
13 Trek daarom die volle wapenrusting aan wat God julle gee, sodat julle weerstand kan bied in die dag van onheil en, nadat julle die stryd tot die einde toe gevoer het, nog op julle pos kan bly staan.

14 Bly dan op julle pos, toegerus met die
waarheid as gordel om julle heupe, die
vryspraak deur God as borsharnas,
15 en die bereidheid om die evangelie van
vrede te verkondig as skoene aan die
voete.
16 Daarby moet julle altyd geloof as skild
in die hand hê, want daarmee sal julle al
die brandpyle van die Bose kan afweer.
17 Sit verlossing as helm op en vat die
swaard van die Gees, dit is die woord van
God.
18 Doen dit alles biddend en smeek God
by elke geleentheid deur die Gees. Wees
waaksaam en bid gedurig vir al die
gelowiges.

19 Bid ook vir my dat wanneer ek preek, God my die woorde gee dat ek die geheimenis van die evangelie met vrymoedigheid kan bekend maak.
20 Ter wille van hierdie evangelie is ek ‘n gesant in boeie. Bid dat ek dit met vrymoedigheid kan verkondig soos dit my opgelê is.
21 Tigikus, die medegelowige wat ek baie lief het, die getroue dienaar in diens van die Here, sal julle alles vertel, sodat julle ook kan weet hoe dit met my gaan en wat ek doen.

22 Ek stuur hom juis hiervoor na julle toe, sodat julle kan hoor hoe dit hier by ons gaan en, sodat hy die kommer in julle gemoed kan wegneem.
23 Vrede vir die broers, en liefde en geloof, van God die Vader en die Here Jesus Christus!
24 Die genade sal by almal wees wat vir ons Here Jesus Christus met onverganklike liefde liefhet.

Teks: Efes 6 : 11

Trek die volle wapenrusting aan wat God julle gee, sodat julle op julle pos kan bly ondanks die listige aanslae van die duiwel.

Tema: In ‘n staat van oorlog....

Ps 86 : 6 (bl 432)

Leer my na u wil te handel,
'k sal dan in u waarheid wandel;
neig my hart en voeg dit saam
tot die vrese van u Naam.
HEER, ek hef my hart na bowe,
nuwe sangstem sal U lowe,
nuwe dank sal voor U rys -
'k sal u Naam vir ewig prys.

Woord- en Gebedsdiens

Sb 10-2 (Sb 28)

Ons Vader wat woon in die hemel,
geheilig sy u Naam,
laat u ryk kom, u wil geskied,
soos in die hemel so ook op die aarde.
Gee ons vandag ons dag se brood
en vergeef ons al ons skulde, net soos ons vergewe
die wat teen ons sondig.
Laat kom ons nie in die versoeking;
maar verlos ons van die Bose.
Van U is die ryk en die sterkte en die ere,
vir ewig en ewig, amen
vir ewig en ewig, amen.

Kollekte:

Diens van Barmhartigheid

Antwoorddiens

Sb 14-3 : 1, 2 - Staan

Versterk jul in die Heer se krag,
die krag wat nooit, ja nooit, sal taan.
Kom trek, gesterk deur God se mag,
sy volle wapenrusting aan.
Jul sal so staande bly,
na elke veldslag vry.
Jul kan teem Satan stry,
sy sluwe lis bestry,
in God se krag hom trou weerstaan

Sb 14-3 : 1, 2

Ons stryd is nie teen vlees en bloed,
maar teen die sondemag berug.
Ons stry die stryd teen wat hier woed,
die bose geeste in die lug.
Beklee jul met die kleed
wat God jul gee – en weet:
Na stryd van onheilsnag
sal jul nog staan op wag
en nie oorwonne hoef te sing.

Wegstuurseën

&

Amen

Gereformeerde Kerk Benoni

Rom12:2

28 Maart 2010

Aanddiens

18:30

Geen Kooroefening